Lees vir genot 15

# Lees van maniere om sukses met groepwerk te behaal

**Sleutelwoorde**

**kaai:** 'n struktuur wat oor en in water gebou is sodat mense daarop kan stap

## Strandkuns

Daniel, Thabo en Joseph is drie seuns wat in Durban se strate lewe. Hulle is weeskinders en het geen families of huise nie. Die seuns wou nie begin steel om te oorleef nie, en het besluit om liewer pragtige sandbeelde op Durban se strande te skep.

Aan die begin was dit moeilik omdat die mense aan Durban se seefront nie wou hê die seuns moet in die sand werk nie. Thabo en Joseph het egter toestemming by die winkeleienaars gevra terwyl Daniel met sy eerste beeld besig was.

Die beelde was baie groot – tot tien meter lank en twee meter hoog. Die seuns het van sonop tot sononder hard gewerk in die warm son. Hulle het beurte gemaak om aan die beelde te werk, terwyl die ander in die skadu van die kaai gerus, of met hulle bietjie geld brood en koeldrank gekoop het.

Van die beelde het soveel besonderhede gehad dat dit 'nvolle dag geneem het om te maak. Gedurende die 2010 FIFA-Wêreldbeker het hulle 'n reusestadion van twintig meter lank gemaak. Hulle het ook 'n Boeing 747 gemaak en seeskulpe as vensters gebruik. 'n Ander keer het hulle Afrika se Groot Vyf gemaak, maar reën het hulle pragtige skepping weggespoel.

Dit was slegs toe oorsese besoekers hulle foto's van die beelde aan hulle vriende tuis begin wys het, dat die drie seuns bekend geraak het. Hulle beelde pryk nou in byna al wat 'n toerismetydskrif is en mense kom van heinde en verre om die skouspelagtige sandkunswerke te sien. Die drie seuns maak nou 'n bestaan uit hulle eie voltydse werk as kunstenaars en hulle het selfs genoeg geld gespaar om 'n wonstel aan Durban se seefront te huur waar hulle nie meer lang, koue nagte op straat deurbring nie.




Deur as groep saam te werk het Thabo, Daniel en Joseph daarin geslaag om "n beter lewe vir hulself te skep.